July/Julie 2022 | vol 17

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CIVINOVUS NPC

#integritasZA THE MOVEMENT



WHY? Integrity creates dignity and prosperity
HOW? Legitimate, accountable, and inclusive
WHAT? Creates awareness of the value of integrity, leads to better choices, and build trust

Ds Peet van Zyl skryf oor Integriteit

Integriteit is een van die fundamentele boustene van 'n gesonde samelewing. Maar dis 'n bousteen wat skaars geword het. Hoekom – sou jy kon vra? Miskien omdat integriteit nie te lere is in die bladsye van boeke nie, maar in die voorbeeld van leiers, ouers en gesagsfigure. Veral pa's is die draers van integriteit in ons gesinne. En met al meer gesinne wat sonder pa's funksioneer, is dit eintlik voor die hand liggend dat integriteit in ons samelewing al skaarser word.

Wat is integriteit?

- Om on-omkoopbaar te wees
- Om beginselvas te wees

- Om volledig in lyn met God te leef.
- Om eerlik te wees
- Om dapperheid te hê om die regte ding te doen i.p.v. om die 'easy way' out te kies
- Om my waardes te leef en nie net daaroor te praat nie.

Integriteit is wanneer:

- Jou ja jou "ja" is
- Jou woorde en dade met mekaar ooreenkom
- Jy in die klein dingetjies betroubaar is

As 'n mens deur die blaaie van die Bybel blaai, is daar talle verhale en gesprekke wat die waarde van ons integriteit as gelowiges onderstreep. Ek dink sommer aan die verhaal van Jakob wat op Ragel verlief geraak (Genesis 29) en met haar getrou het. Maar toe hy sy oë uitvee en hy sien dat dit al die tyd Lea was met wie hy getrou het. Maar hy het sy integriteit behou deur nog sewe jaar vir sy skoonpa te werk vir die hand van sy geliefde Ragel. (Ongelukkig kan 'n mens ook nie van Jakob se gebrek aan integriteit vergeet toe hy sy broer uit sy erfporsie verkul het met 'n pot lensie sop nie.) In die Wysheidliteratuur van Spreuke, Psalms, Prediker en Job is daar 'n rykdom van verwysings na integriteit. Dink gerus na oor die volgende twee tekste....

Integriteit is om beginselvas te wees.

Spreuke 10:9 Wie opreg leef, leef sonder vrees; wie krom paaie loop, word uitgevind.
Die Boodskap vertaling stel dit só: *Wie 'n reguit pad loop, is 'n gelukkige mens.*
Kronkelpaadjies bring jou in groot ellende.
Kronkel paadjies loop is om jou brood aan beide kant ge-botter te wil hê. Dis maar 'n ander woord om te sê iemand is korrup, omkoopbaar en glad nie beginselvas nie.

Ek lees 'n tyd gelede die verhaal van **Elliot Ness.** In die 1930's was die Mafia organisasie van Al Capone ongeveer 120 miljoen US$ sterk. Hulle het bekend gestaan as "The untouchables". Die regering wou hulle graag elimineer en daarom het hulle 'n spesiale taakspan aangestel wat bestaan het uit 9 lede om hierdie Mafia organisasie op sy knieë te bring. Een van hierdie taakspan se lede was 'n man met die naam van Elliot Ness. Sy jaarlikse salaris in 1930 was US$ 2800. Een oggend kom daar 'n jong man by hom aan met koevert waarin daar 2 x US$ 1000 note was met 'n briefie by: *"Lê bietjie laag rondom die Al Capone aangeleentheid."* Ness het die koevertjie toegevou en dit net so weer saam met die jong man na Capone toe terug gestuur. Dieselfde dag nog het hy 'n groot perskonferensie belê waarin al die groot koerante en nuus agentskappe se verslaggewers teenwoordig was, en hy toe die storie van Capone se poging om hom om te koop vertel het en wat sy respons daarop was. Die volgende dag was die hoofopskrifte in die koerante: Ness en sy taakspan is UNTOUCHALBE!

As Christene behoort ons beginsels, waardes en norme "untouchable" te wees teen die eietydse korrupte kultuur waarin ons leef. Ons behoort nie te buig voor die druk van geld, prestige, status om ter wille van in-wees by dinge betrokke te raak wat in stryd met ons geloofsbeginsels is nie. 'n Lewe van integriteit is om beginselvas te wees.

Integriteit kan gemodelleer en aangegee word.

Spr. 20:7 Wie reg doen en eerlik lewe, met sy kinders gaan dit goed.
Dis interessant dat die Bybel hier kinders aan ‘n lewe van integriteit koppel. ‘n Lewe van integriteit het tog te make met keuses wat jyself maak nie jou kinders nie. En toe besef ek hoe maklik ons integriteit (of die gebrek daaraan) aan ons kinders oordraagbaar is.

Daar word ‘n storie vertel van ‘n pa wat vir ‘n tweede inkomste ook voer vir beeste en skape gemeng het. En elke aand as hy by die huis kom, dan is hy vol stof en dan skud hy homself eers af voor hy in die huis ingaan. Toe gebeur dit by ‘n paar geleenthede dat sy 3 jarige seuntjie vir hom sê: Jislaaik pappa, maar jy is darem vol stof!! En dan antwoord hy maar net: Jip, pappa is vol stof.... En hy’t nooit verder daaroor gedink nie. En toe eendag was hy die kar, en die seuntjie sê hy gaan hom help om die kar te was. En toe doen die seuntjie ‘n baie snaakse ding..... Hy buk af grond toe en vet ‘n klomp grond in sy hande en gooi dit so oor sy lyf en sy kop en hy vryf dit so in sy klere in.... En die pa vra hom toe: Hey, wat maak jy nou? En die seuntjie antwoord: Ek wil so stowwerig soos pa wees!! En toe vertel hierdie pa dat hy vir die eerste keer besef het hoe sy seun al die jare na hom opgekyk het en trots was op hom as hy so hard gewerk het. En daardie dag met die karwassery – toe hy so die stof op hom gegooi het – het hy eintlik maar net gesê: Ek wil soos my pa wees. Julle weet, ‘n kind wat opkyk na sy pa sal hom volg in enige iets waarin sy pa die voorbeeld stel.

En dit het my diep laat nadink..... Wat dra ons aan ons kinders oor? Nie soseer deur wat ons sê nie, maar deur ons voorbeeld? Ouers behoort goeie voorbeelde vir hulle kinders te wees. Hulle behoort integriteit te modelleer. Die skrywer Gayle Erwin vertel in een van sy boeke – **The Jesus style** – die storie van sy eie pa....

Toe Gayle ongeveer 6 jaar oud was, was sy pa in ‘n vliegtuig ongeluk wat hom verlam en met gedeeltelike breinskade gelaat het. Sy ma moes toe rol as broodwinner oorneem. En toe die ma so heeltyd weg was om ‘n inkomste te genereer en die pa ook “weg was” (al was hy ook by die huis), het dit die wenresep geword vir ‘n familie wat uitmekaar val. Maar hy skryf: Ons familie het nie uitmekaar uit geval nie. Deur al die moeilike tye het beide sy ouers gelowig by God en by hulle kinders gebly. Hulle as gesin was voortdurend omring deur gebed, geloof, standvastigheid en liefde. *Fancy* karre en huise was nie deel van die goed wat hulle omring het nie. En die dag toe sy pa sterf, staan hy en sy broers daar by die graf en toe sê hulle die volgende vir die mense wat saam met hulle die begrafnis bygewoon het:

Ons pa het ons nie met ‘n finansiële koninkryk agtergelaat waarop ons kon voortbou nie. Baie van die lekker en goeie goed wat normale pa’s vir en met hulle seuns gedoen het, kon ons pa nie doen nie. Hy kon ons nie leer krieket of rugby speel nie. Maar hy het vir ons iets agtergelaat wat hy gehad het. Hy’t ons agtergelaat met ‘n liefde vir God. ‘n Liefde vir die Bybel. ‘n Liefde vir mense. Deur hom het ons begryp wat aanbidding beteken en deur hom het ons vermoë om te oordeel en te haat verdwyn. Ons pa het ons meer nagelaat as wat

baie mense in 'n erfporsie uit 'n testament uit kry. Daarom staan ons hier voor julle as sy seuns en verklaar in die openbaar: ONS SAL SY GOD VOLG.

Om met integriteit te leef en te bly leef – al gaan dit ook swaar, is een van die waardevolste goed wat jy vir jou kinders en kleinkinders kan agterlaat.

Mag die Here ons daartoe krag gee.

Ds. Peet van Zyl sê: Ek is 'n gebore Suidwester.
Ek is al vir 27 jaar in die bediening – waarvan die laaste 10 jaar in Gobabis is.
Ek het 'n passie vir pastorale berading en lewensafrigting en het oor die jare my ook op akademiese gebied daarin ingegrawe.
Ek is getroud met Elma en ons het 2 seuns en 'n kleindogter.
Ek is lief vir die buitelewe.
Ek en Elma toer graag op ons motorfietse (jip, sy is ook 'n "biker-girl").

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

HEAD HANDS HEART

Leadership for Social Innovation and Entrepreneurship

In this course you will learn how to engage with social innovation through social entrepreneurship and the use of innovative leadership approaches. This will lead to the development of individual competencies and institutional

Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap

In hierdie kursus word geleer hoe sosiale innovasie deur middel van sosiale entrepreneurskap en innoverende leierskapbenaderings beoefen kan word. Dit lei tot die ontwikkeling van individuele vaardighede en institusionele kapasiteit van organisasies.

Registration: Friday 5 Aug 2022 and payment of R3,500.00
Duration of the Course: 11 August till 7 September 2022

Three (3) Zoom sessions of four (4) hours each:

1. Thursday 11 Aug from 12:30 till 16:30
2. Wednesday 17 Aug from 12:30 till 16:30
3. Wednesday 24 Aug from 12:30 till 16:30

Social Workers: Can earn 16.5 SACSSP CPD points / Maatskaplike werkers: Kan 16.5 SACSSP CPD punte verwerf
Dutch Reformed and United Reforming Church ministers can earn CPD points / NG en VGK dominees kan VBO punte verwerf.
NG en VGK werknemers kan aansoek doen vir 'n Communitas beurs by Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@sun.ac.za.
Any additional information contact Lyzette Schwella at academyssi@hugenote.com

https://hugenote.com/ssi-shortcourses/

https://hugenote.com/onlineapplications/online-application-new/

#integritasZA
THE MOVEMENT

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

Executive Short Courses of the School of Social Innovation, Hugenote Kollege via Zoom Sessions and Self-study

Leadership for Social Innovation and Entrepreneurship

Registration: Friday 5 August 2022
and payment of R3,500.00
Duration of course: 11 Aug till 7 Sept 2022
Three (3) **Zoom sessions** of four (4) hours each:

1. Thursday **11 Aug** from 12:30 till 16:30
2. Wednesday **17 Aug** from 12:30 till 16:30
3. Wednesday **24 Aug** from 12:30 till 16:30



Human-centred Design Thinking for Social Innovation and Entrepreneurship

Registration: Friday 16 September 2022
and payment of R3,500.00
Duration of course: 21 Sept till 26 Oct 2022
Three (3) **Zoom sessions** of four (4) hours each:

1. Wednesday **21 Sept** from 12:30 till 16:30
2. Wednesday **28 Sept** from 12:30 till 16:30
3. Wednesday **12 Oct** from 12:30 till 16:30

Price per Executive Course is **R3,500.00**

Social Workers can earn **16.5 SACSSP CPD points**

Dutch Reformed and United Reforming Church Personnel can earn **CPD (VBO) points**

Bursaries are available for Dutch Reformed and United Reforming Church Personnel. Contact Bridget Leibbrandt at bleibbrandt@sun.ac.za
More information contact Lyzette Schwella at academyssi@hugenote.com

Mentoring and Coaching, Personal Mastery and Emotional Intelligence for Social Business

Registration: Friday 4 November 2022
and payment of R3,500.00
Duration of course: 9 Nov till 12 Dec 2022
Three (3) **Zoom sessions** of four (4) hours each:

1. Wednesday **9 Nov** from 12:30 till 16:30
2. Wednesday **16 Nov** from 12:30 till 16:30
3. Wednesday **23 Nov** from 12:30 till 16:30

Go to: https://hugenote.com/ssi-shortcourses/

Advertise here for R350 per month.

#integritasza THE MOVEMENT

Sluit by #integritasza aan of hernu jou lidmaatskap

Lidmaatskap van #integritasza help om integriteit te bevorder. Dit sal vir jou ‘n elektroniese maandelikse Nuusbrief en driemaandelikse Compassionate Confronter gee. Beide publikasies is oop vir deelname.

Ons wil die nagedagtenis van ons kollega, Ulrike Hanekom, deur die bevordering van integriteiherdenk.

Lidmaatskap behels voltooiing van ‘n aansoekvorm, R10.00 per maand of R120.00 per jaar en/of ‘n bydrae van jou keuse.

Stuur ‘n e-pos aan Raymond Cloete by raymond@civinovus.co.za vir die lidmaatskapvorm en/of kontak vir Werner Schwella op 083 591 6691